# DIE FALCON REEKS VAN IMPLEMENTE

FALCON Est. 1985




**TAAI BETROUBAAR DUURSAAM**

Alle Falcon-implemente is ontwerp om eenvoudig, veilig en diensbaar te wees, en bied uitstekende waarde vir geld. Hulle is gebou om te hou en kan die taai Suid-Afrikaanse toestande hanteer.

Falcon Agricultural Equipment (Edms.) Bpk. verkoop ook 'n verskeidenheid ingevoerde strooiers, spuite, grondbewerkingsimplemente, gespesialiseerde grassnyers en stokkiekappers.

AMAZONE LOCUST®


Tel +27 (0) 33 330 4764
Verkope +27 (0) 33 330 5787
info@falconequipment.co.za
www.falconequipment.co.za
facebook.com/falconequipment


Kry ons op

## DIE FALCON-BELOFTE

Die Falcon-belofte is ons besigheidsfilosofie wat die grondslag van Falcoon se kernwaardes en diensvlakke vorm. Dit is wat ons elke dag uitleef en hoe ons sake doen.

### ONDERVINDING
Meer as 30 jaar se ontwerp, vervaardiging, invoer, verspreiding en verkoop van 'n wye verskeidenheid landbou-implemente vir Suid-Afrikaanse boere se uiteenlopende behoeftes.

### KLANTEDIENS
Ons ondersteunende, professionele, doeltreffende en flink klantediens is waarop ons 31+ jaar se besigheid gebou is.

### EKONOMIES
Spesifiek vir die Suid-Afrikaanse boer deur Suid-Afrikaners gebou. Geen wisselkoerse of invoerbelasting nie.

### ONTWERP
Eenvoudig
Veilig
Diensbaar
Gebou om te hou

### ONS WAARDES
Eerlikheid
Vertroue
Respek
Integriteit

### PLAASLIK
Vir Suid-Afrika se taai toestande gemaak. Geredelik beskikbare onderdele en uitmuntende klantediens.

## FALCON AGRICULTURAL EQUIPMENT (EDMS.) BPK.

Falcon Agricultural Equipment (Edms.) Bpk. is die grootste vervaardiger van wentelsnyers in Afrika. Die maatskappy het sy deure in 1985 by sy huidige perseel in Howick, KwaZulu-Natal, Suid-Afrika geopen. Ons vervaardig die Falcon- en Locust-implementreekse, en voer ook 'n reeks implemente in wat die plaaslik-vervaardigde produkte aanvul.

Ons het langdurige verhoudings met ons handelaars en hul kliënte opgebou, gebaseer op eerlikheid, vertroue, respek en integriteit. Uitstekende kliëntediens is 'n belangrike deel van die Falcon-belofte.

Proud member of SAAMA SA AGRICULTURAL MACHINERY ASSOCIATION

www.falconequipment.co.za

# FALCON

Est. 1985

werk vir jou!

## VLEËLIMPLEMENTE







**TAAI BETROUBAAR DUURSAAM**

www.falconequipment.co.za

## VLIEËLIMPLEMENTE REEKS

| Model / Onder-deelnr. | Werks-wydte (mm) | B x L x H (mm) | | | Kontra-fasiliteit, maks. (mm) | Lem / Hamer (hoev.) | Massa (kg) | Krag maks. (kW) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLEËLSNYERS** | | | | | | | | |
| F150 | 1 500 | 1 715 | 1 175 | 1 020 | 710 | 14/42 | 615 | 35–50 |
| F170 | 1 700 | 1 915 | 1 175 | 1 020 | 910 | 16/48 | 651 | 35–50 |
| F210 | 2 100 | 2 315 | 1 175 | 1 020 | 1 310 | 20/60 | 717 | 40–60 |
| F230 | 2 300 | 2 515 | 1 175 | 1 020 | 1 510 | 22/66 | 751 | 40–60 |
| **FLAIL MOWERS** | | | | | | | | |
| F210 roller | 2 100 | 2290 | 2 290 | 1 320 | 1 000 | 20/60 | 725 | 40 –60 |
| F250 roller | 2 500 | 2690 | 2 690 | 1 480 | 1 005 | 24/72 | 795 | 40 –60 |
| F290 glyplate | 2 900 | 3122 | 3 122 | 1 420 | 1 005 | 84/28 | 765 | 40 –60 |
| F290 wiele | 2 900 | 3040 | 3 122 | 1 830 | 1 005 | 84/28 | 835 | 40 –60 |
| F290 roller | 2 900 | 3122 | 3 122 | 1 480 | 1 005 | 84/28 | 848 | 40 –60 |

’n Universele implement wat suksesvol in **boorde** en **weidings** gebruik kan word

**Die implement het twee konfigurasies, afhangende van die beoogde toepassing.**



Wanneer dit vir “bymekaarhou” gekonfigureer word – tipies wanneer snysels en snoeisels gemulch en fyngekap word – word aanbeveel dat die implement gebruik word om materiaal tot ’n deursnee van hoogstens 50 mm te verwerk.



Wanneer dit vir “uitwerping” gekonfigureer word – tipies vir grassny en bosopruiming – word aanbeveel dat die implement gebruik word om materiaal tot ’n deursnee van hoogstens 25 mm te verwerk.

## VLEËLSNYERS

**WYE SPEKTRUM SNY-AANWENDINGS, INSLUITEND WEIDINGINSTAND-HOUDING, DIE MULCH VAN SNOEISELS IN BOORDE EN ALGEMENE BOSOPRUIMING.**

**SNYWYDTE BESKIKBAAR**
1,5 m l 1,7 m l 2,1 m l 2,3 m

**TREKKER KRAG**
35 kW - 60 kW



**GEBRUIK:** Falcon-vleëlsnyers verteenwoordig ’n reeks universele implemente wat vir ’n wye spektrum sny-aanwendings ontwerp is. Dit sluit in weidinginstandhouding, die mulch van snoeisels in boorde, algemene bosopruiming, instandhouding van paaie en ander openbare geriewe, en die opkap/mulch van mielie-/koringreste.

### VOORDELE

▪ Vanweë hulle horisontale ontwerp en omhulde snykamer bied hierdie implemente voorspelbare en konsekwente resultate met hoë vlakke van persoonlike veiligheid ▪ Beskikbaar in ’n verskeidenheid groottes met werkswydtes van 1,5 tot 2,3 m, en daarom geskik vir trekkers van 35 tot 60 kW ▪ Die implement kan gestel word om ontlading van verwerkte materiaal maksimaal te versprei of maksimaal bymekaar te hou ▪ ’n Hidrouliese kontrahaak word op meeste van die modelle voorsien, wat dit moontlik maak om tot by grense en heinings te sny en ook toegang onder laaghangende plantegroei toe te laat ▪ ’n V-band-aandryfstelsel verhoed meganiese ooreising, terwyl ’n ingeboude vryloopmeganisme spoedvermindering van die aandryfstelsel by afskakeling beheer.

**Alle modelle mag met hamers of lemme toegerus word, afhangend van die beoogde gebruik.**



**LEM**



**HAMER**

## FLAIL MOWER

**GESKIK VIR INSTANDHOUDINGS-AANWENDINGS IN GEBIEDE SONDER BUITENSPORIG GROOT SOLIEDE MATERIALE.**

**SNYWYDTE BESKIKBAAR**
2,1 m l 2,5 m l 2,9 m

**TREKKER KRAG**
40 kW - 60 kW



**GEBRUIK:** Die Falcon F290 Flail Mower is geskik vir ’n wye spektrum snyaanwendings. Dit sluit in mulch van mielie-/koringreste, weiding- en boordinstandhouding, algemene bosopruiming, en instandhouding van paaie en ander openbare geriewe.

### VOORDELE

▪ Nie bedoel vir volgehoue versnippering en ‘mulch’ nie, maar is eerder vir instandhoudingstoepassings in gebiede wat vry is van buitensporige groot solide materiale (gewoonlik minder as 25 mm in deursneë). ▪ Vanweë die horisontale ontwerp en omhulde snykamer bied hierdie implement voorspelbare en konsekwente resultate met hoë vlakke van veiligheid. ▪ Opsies vir die 2,9 m Flail Mower sluit in glyplate, roller of wiele.

